

Sing vooraf: Psalm 144:1 (p. 691)

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 103:9 (p. 506)

- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Skriflesing: Hebreërs 12

Teks: Hebreërs 12:17; Kategismus Sondag 33

Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer. (Hebreërs 12:17 AFR1953)

Alleen wanneer jy deeglik bewus is van die moeilikhede waarin jy verkeer, sal jy ook behoorlike dankbaarheid kan betoon teenoor Hom wat ons daaruit haal.

- Ons weet almal dat dit die Wet van die Here is wat ons bewus maak van ons sondes.
- Elke mens wat die Wet werklik ken en weet hoe die Tien Gebooie werk, is baie diep bewus van sy eie sondes.
- MAAR jy sal die Wet net gehoorsaam as jy weet waar die Wet vandaan kom, en waar hy sy reg vandaan kry om aan ons voor te skryf wat die Here van 'n gelowige verwag.

Die Here het die Wet gegee, en daarom kry die Wet sy gesag ook van die Here af.

- Die Wet openbaar die wil van die Here.
- Daarom is die Wet ook onveranderlik. Die Here verander nooit en daarom kan sy Wet ook nooit verander nie.
- Al tien die gebooie sal onveranderd bly totdat die Here die dag kom.

Dit lyk soms vir ons asof die Wet onredelik is, maar u moet onthou dat die Here die mens so goed geskape het, destyds in die Paradys, dat hy toe vanself alles gedoen het wat vandag deur die Wet

gesê word.

- Daarom was die Tien Gebooie toe nie daar nie.
- Toe het die sondeval en die mens se verderf gekom.
- Nou eis die Wet maar net weer van die mens om te doen wat die Here van hom verwag het by die skepping.
- Daar is nie bepaalde wette van die Tien Gebooie wat onder sekere omstandighede verouderd raak nie.
- Daar is ook nie situasies of sekere volke of lande waar die Wet of dele daarvan nie geldend is nie.

Die Wet het nodig geword omdat die mens mettertyd geestelik en sedelik agteruitgegaan het.

- Die Wet is die band wat alle gelowiges bind aan die ewige lewe in die hemel – want regdeur al die gebooie skemer die heiligheid van God.

Mens moet nooit die Wet met swaarmoedigheid behandel nie. Ons is partykeer geneig om met swaarmoedigheid te dink aan die Wet – so asof die Here ons daarmee straf.

- Ons moet aan die Wet dink as die reg van die Here wat saam met ons lewe.
- Ons moet aan die Wet dink dat dit ons beskerm sodat ons heilig kan lewe soos ons God van ons verwag.
- Die Wet is in 'n sekere sin die heiligheid van die Here wat altyd rondom ons is.
 - Dis sy leiding.
 - Dis sy beplanning om te sorg dat die goeie in ons lewe gebeur.

Dit openbaar God se liefde omdat Hy daarin sy sorg en beskerming aan ons openbaar.

- Ook sy krag in sy liefde –
- Hy maak ons wat sy uitverkorenes is, in die Here Jesus Christus gehoorsaam aan die Wet.
- Wat ons verkeerd doen, vergewe Hy ons.
- Die Here Jesus Christus sterf vir ons.
 - Daarom is daar geen mag in die hemel of op die aarde wat ons uit God se hand kan wegneem nie.

Dis waarom dit verkeerd is om ons te verset teen die Wet.

- Die Wet neem nie ons vryheid weg nie, dit kanaliseer net ons lewe sodat dit na God toe beweeg.
- Kom ons stel dit anders:
- Die Wet beskerm ons vryheid. Hy wil nie hê dat die duiwel daarmee moet inmeng dat ons in 'n regsposisie voor die Here kom nie.
- As die duiwel ons bemeester, is ons vryheid aan bande gelê, want dan kan ons net doen wat vir die hel aanvaarbaar is – dan is ons inderdaad baie erg beperk.

Alles wat ons tot nou toe gesê het, trek saam in een saak: Dis om God lief te hê.

- Liefde vir God veronderstel ook liefde vir ons naaste.
- Dis maar weer die beginsel waarvolgens ons geskape is.

Die liefde van God se Wet het ook lewensvrug tot gevolg.

- Die feit dat ek my ellendes besef, maak dat ek ook begryp dat my eie kragte nooit my saligheid kan bewerk nie.
- Maar dit maak ook by my 'n baie diep begeerte wakker om verlos te word.
- Dit laat my die liefde van die Here Jesus Christus besef.
- So word my bekering en wedergeboorte bewerk.

Die dinge voel natuurlik nie aan die begin soos liefde nie.

- Die Wet frustreer mens geweldig, want dit onderstreep aan ons die geestelike armoede waarin ons verkeer.
- Want ons was geestelik so ryk geskape dat ons die Here se Wet kon hou, en nou kan ons nie meer nie.
- Ons is ook na die sondeval arm aan liefde en arm aan heiligheid.

Wat dan nogal seermaak, is die feit dat elke eerlike mens beseft dat die toestand sy eie skuld is.

- Dis ons eie sondes wat ons natuur so verander het dat ons liefde soms in haat verander en dat die lelike dinge van die lewe al 'n aangebore vanselfsprekendheid geword het.

Wat nou?

- Is daar redding moontlik met 'n Wet wat so heilig is?
- Wat maak ek met die Wet wat met God se krag gehoorsaamheid eis, terwyl so 'n arme ellendeling soos ek dit moet nakom – en ek nie kan nie?

Ja, daar is redding moontlik!

- Die Wet is nie 'n leer waarmee jy opklim na die hemel toe soos wat die ou Jode gedink het nie.
- Hulle het gedink dat jy betaling gaan kry vir elke stukkie wat jy onderhou, en so klim jy trappie vir trappie totdat jy in die hemel is.

Vir die wat in ons tyd in die Here Jesus Christus glo, stel die Here die saak heeltemal anders as wat die ou Jode daarvoor gedink het.

- Hy gebruik die Wet om sy genade soveel duideliker aan ons te onderstreep.
- Hoe beter ons beseft wat ons nie kan doen nie, soveel meer dankbaar sal ons wees omdat Christus dit vir ons gedoen het.

Ons berei al weer voor vir Nagmaal. Ons weet ons lewens dra die karakter van geestelike misdadigheid omdat ons die geboorte van die Here so herhaaldelik oortree.

- Luister na die genade as die Here vir ons sê: *Eet en drink tot vergifnis van jou sondes. My liggaam en bloed het vir jou betaal.*
- Laat die brood en die wyn ons daaraan herinner dat die Here Jesus al ons wetsoortredinge met God uitgeklaar het toe Hy ons straf daarvoor gedra het.

Hierdie dinge behoort elke mens diep dankbaar te maak.

- Laat ons dan elke keer wanneer ons die Wet lees, met absolute eerlikheid daaraan dink hoe baie ons die Wet oortree – maar hoe groot God se genade is dat Hy ons nie verwerp het nie, maar steeds die Wet vir ons voorhou sodat ons dit nou onderhou uit dankbaarheid.
- Dis tog 'n diep saak: Ons onderhou nie die Wet om daarmee hemel toe te gaan nie, maar omdat ons dankbaar is dat ons in Jesus Christus reeds daar is.

Kom ons lees saam wat in die Heidelbergse Kategismus Sondag 33 geskryf staan:

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: *Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).*

(a) Rom 6:1, 4-6; Ef4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike berou daarvoor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).*

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil*

van God in alle goeie werke te lewe (b).

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).

(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:6 (p. 445)

6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 23 Augustus 2009